



**Kingswood College
Departement Afrikaans**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 9**

VRAESTEL 2

Eksaminator: Mnr. D. Koen
Moderators: Mnr. T. Scholtz
Me. M. Muller
Me. T. Bakkes

Tyd: 2 UUR
Totaal: [100]
November 2014

Leeruitkomste en Assesseringstandaarde:

LU 2 (AS'e 2.1, 2.2, 2.4.), LU 3 (AS'e 3.1, 3.2, 3.3), LU 4 (AS'e 4.3, 4.4)

INSTRUKSIES

1. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye. **Afdeling A (60 punte)** fokus op die voorgeskrewe roman en **Afdeling B (40 punte)** op funksionele skryfwerk.
2. Lees die vraestel deur voor jy die vrae beantwoord.
3. Beantwoord alle vrae in **Afrikaans**.
4. Trek 'n **kantlyn** aan die **REGTERKANT** van elke antwoordblad.
5. Nommer jou antwoorde presies soos dit op die vraestel verskyn.
6. **Skryf netjies** en leesbaar.
7. Goeie taalgebruik en spelling sal in jou guns tel.
8. Sterkte en lekker skryf!

Afdeling A

Vraag 1 - Kontekstuele vrae

Lees die onderstaande aanhaling noukeurig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae soos versoek.

“My fans” sê Steven trots. “Hei, ouens, kyk hier” sê Lize na ’n ruk. “Een van jou fans wil julle ontmoet.”

(2013:23)



- 1.1. Wat is die seun se naam wat graag vir Steven-hulle wil ontmoet? (1)
- 1.2. Gee **TWEE redes** waarom Lize dink dat hierdie ou baie ‘sexy’ is. (2)
- 1.3. Hoe het Rudi gevoel toe hy die seun die eerste keer sien? (1)
- 1.4. Hoekom dink jy het Rudi so negatief oor die seun gevoel? **Verduidelik.** (2)
- 1.5. Die seun wil nie koeldrank drink nie. **Wat wil hy drink?** (1)
- 1.6. Wat is Rudie se **opinie** van die seun? (1)
- 1.7. Van watter meisie het die seun baie gehou? (1)
- 1.8. Dink jy hierdie seun is ’n goeie of ’n slegte persoon? Gee ’n rede vir jou antwoord.(2)
- 1.9. **Wie** het met hierdie seun baklei? (1)
- 1.10. **Waar** het die seuns met mekaar baklei? (1)
- 1.11. Verduidelik **waarom** die seuns baklei het. (2)

[15]

(Blaai asseblief om)

Vraag 2 - Dialoog

Voltooi die onderstaande gesprek tussen Rudi en Lize.



Rudi: “Lize, hoekom kan Steven se pa nie vir hom ’n duur present koop nie?”

2.1. Lize: “. . .” (1)

Rudi: “Ek hoor jy wil ’n tatoe kry? Waar wil jy die tatoe laat tatoeër?”

2.2. Lize: “. . .” (1)

Rudi: “Wat wil jy op jou liggaam laat tatoeër?”

2.3. Lize: “. . .” (1)

Rudi: “Van watter tipe ouens hou jy?”

2.4. Lize: “. . .” (1)

Rudi: “Wat dink jy van ouens wat *Old Spice* naskeermiddel gebruik?”

2.5. Lize: “. . .” (1)



(Blaai asseblief om)

Rudi: “Waarom dra Rudi soveel *Old Spice* naskeermiddel?”

2.6. Lize: “. . .” (1)

Rudi: “Wat wou Rudi eerder vir sy verjaarsdag gehad het?”

2.7. Lize: “. . .” (1)

Rudi: “By watter gimnasium oefen Marco in die middag?”

2.8. Lize: “. . .” (1)

Rudi: “Waarom wil jy nie aan die begin van die roman my meisie wees nie?”

2.9. Lize: “. . .” (1)

Rudi: “Hoeveel mense het nie van ons eerste video op *YouTube* gehou nie?”

2.10. Lize: “. . .” (1)

[10]



(Blaai asseblief om)

Vraag 3 - Paragraafvraag



Die Vidiote het **DRIE** video's gemaak. Skryf 'n paragraaf van **200-250 woorde** waarin jy die video's bespreek. Gebruik die volgende vrae om jou te lei. Onthou om jou antwoorde in 'n **PARAGRAAF** te skryf.

- Wie se idee was dit om die video's te maak? (1)
- Wat het die persoon beplan om vir hul eerste video te doen? (1)
- Wie wou hy met die plan bang maak? (1)
- Wat het egter met sy plan verkeerd gegaan? Verduidelik **VOLLEDIG!** (2)
- Waarin het die persoon geval nadat die plan verkeerd gegaan het? (1)
- Waarom het die seuns die persoon bang gemaak? Wat het sy aan Rudi gedoen? Noem **VIER** dinge wat sy gedoen het. (4)
- Wat moes Steven vir die tweede video doen? (1)
- Hoe moes Steven dit doen? (1)
- Wat was op die baan waarop Steven dit moes doen? (1)
- Wie se idee was dit om met 'n skaatsplank oor 'n glashok te ry? (1)
- Wat was in die glashok? (**Wees SPESIFIEK!**) (2)
- Wat het met die persoon gebeur wat oor die glashok gery het? (1)
- Wie se skaatsplank het hulle gebruik? (1)
- Wie was baie bekommerd oor Steven aan die einde van die toertjie? (1)
- Was die toertjie suksesvol? (1)

[20]

(Blaai asseblief om)

Vraag 4 - Kortvrae (Kontekstueel)

Is die volgende stellings **WAAR** of **ONWAAR**? Skryf slegs die korrekte antwoord langs die nommer op jou antwoordstel neer.



- 4.1. Rudi het sy been gebreek nadat hy van die stellasië afgespring het. (1)
- 4.2. Rudie en Steven was nie meer vriende aan die einde van die roman nie. (1)
- 4.3. Steven het probeer om selfdood te pleeg nadat die kinders vir hom gelag het. (1)
- 4.4. Die skool hou elke jaar 'n rockkonsert om geld in te samel. (1)
- 4.5. Rudi se gunsteling rockgroep is *Koelkop*. (1)
- 4.6. Die rockgroep, *Zombie*, dra grillerige maskers tydens hul optredes. (1)
- 4.7. Steven het 'n spelfout op sy T-hemp gemaak. (1)
- 4.8. Lize is die *Vidiote* se kameraman. (1)
- 4.9. Marco was nie kwaad vir Steven nadat hy nie van die stellasië afgespring het nie. (1)
- 4.10. Rudi se ma hou nie van troeteldiere nie. (1)

[10]

=====

Vraag 5

Wie het die volgende sms'e geskryf? **Skryf slegs die persoon se naam neer.**



(Blaai asseblief om)

STEVEN IS JALOERS.
MOENIE STRES NIE.
LEKKER SLAAP,
B-DAY BOY.

5.5.

[5]

Totaal Afdeling A: [60]

=====

Afdeling B - Funksionele skryfwerk

INSTRUKSIES

1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.
2. Elke vraag moet op 'n nuwe bladsy gedoen word.
3. Beplan jou antwoorde eers deeglik voordat jy jou finale antwoord neerskryf.
4. Skryf die vraagnommer bo-aan jou finale antwoord, bv. VRAAG 5.

5. ASSESSERING

Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

- kennis van vereistes van skryftaak
- interpretasie van opdrag
- inhoud en idees
- register en toon
- beplanning

6. Goeie taalgebruik en spelling is 'n vereiste.
7. Skryf asseblief netjies en leesbaar.



(Blaai asseblief om)

Vraag 6 - Dagboekinskrywing




Jy en jou gesin gaan die vakansie Amerika toe. Jy is baie opgewonde oor die vakansie. Skryf **EEN dagboekinskrywing** van **100 woorde** waarin jy skryf wat jy alles in Amerika wil doen.

[10]

=====

Vraag 7 - Informele brief



Jou beste vriend / vriendin bly in Kaapstad. Hy / sy is baie siek en jy het besluit om vir hom / haar 'n brief te skryf.

Skryf 'n brief van **120-150 woorde** waarin jy jou vriend / vriendin vertel van jou skooljaar wat verby is. Sê ook vir hom / haar om gou beter te word.

Onthou om die korrekte formaat te gebruik en jou **EIE adres** regs bo-aan jou brief te skryf.

[30]

Totaal Afdeling B: [40]

=====

GROOTTOTAAL: [100]